# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Die Liturgie: Die Groetseën

## GOD SE GENADE GEE VIR ONS VREDE

**Skriflesing:**
Openbaring 1:1-11
(1983)

**Teksvers**:
Openbaring 1:4-5

**Sing**:
Ps 105:1,2,3,23.
Ps 32:2,4
Ps 102:5,8
Ps 128:4
Sb 19-3:1,2,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die Here gebied sy seën oor elke leser van sy Woord, veral die luisteraars van die boek Openbaring. Dis die WIL van GOD dat ons uit sy seënende Vaderhand moet lewe.

Maar ook elke Sondag weer kan u kom en Sy seën kom haal en huis toe, werk toe of skool toe neem. Elke Sondag gee die Here God aan sy gesalfde diensknegte die taak en voorreg om sy ryke seën van genade en vrede van God aan die gemeente uit te deel.

Wil u dus sy geseëndes wees, kom haal dan elke Sondag die seën van die Here waar Hy dit ruim en onvoorwaardeklik aan u uitdeel in die heilige ontmoeting van die erediens en gaan leef u oorwinnaarslewe vanuit sy genade en in sy vrede!

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die Naam van die HERE red

**Skriflesing:**
Handelinge 3:1-26
(2020)

**Teksvers**:
Handelinge 3:6 en 16

**HK:** Sondag 11

**Sing**:
Ps 145:1, 2, 4, 11,12
Ps 118:13, 14
Ps 20:1, 2, 3, 4, 5, 9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

In 'n naam sit baie meer as net 'n persoon se herkenning. Ons onthou nie eens altyd mense se name wat ons ontmoet nie. Ander name kan ons weer nie sommer vergeet nie.

As dit egter kom by die Naam van die HERE, dan is dit baie duidelik dat daar iets uitsonderlik aan die HERE se Naam is. Sy Naam is gekoppel aan Sy wese. Die Naam van die HERE beskryf sy Persoon. So leer ons die HERE ken as "*Ek is*".

Vanaand staan ons stil by ons belydenis van die Naam Jesus, wat Verlosser beteken.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 25 30 Julie 2023**


## JESUS OF APHRODITE

Dit is nie om dowe neute dat ons die mooiste hoofstuk oor die liefde in die boek Korintiers aantref nie (1 Kor 13). In die antieke Griekse wêreld het elke stad spesifiek een van die griekse gode aanbid en gesien as die beskermgod van daardie stad. In **Korinte** was dit ***Aphrodite***. Sy was die godin van die liefde en skoonheid en verleiding. As ons egter beskou wat haar idee van die liefde was en hoe hulle in praktyk haar aanbid het, dan besef ons dat dit nogal vér verwyder is van die goddelike of Bybelse verstaan daarvan. God se liefde word gewoonlik uitgedruk in die selfverloënende begrip van "*agape*". Ons sien sy liefde in die *offergawe* van sy eniggebore Seun, ons Here Jesus Christus.

Aphrodite het egter die woord '*eros'* gekies as haar beskrywing van die ware liefde. Eros het oorwegend die betekenis van die liefde vir die bevredigng van die eie lus en begeertes. Ek het jou lief *vir wat jy vir my doen en beteken*. Ek het jou lief vir jou geld of jou status of veral vir hoe ek seksueel bevredig kan word. Die afgod Eros staan haar dan ook by in haar optrede. Geen wonder nie dat die mense gedink het dat hulle haar dien in ware liefde as daar orgies en promiskuïteit plaasvind nie. '*Porneia'* of pornografie is ook deel van die opwekking van die liefde waarvoor Aphrodite staan. Gevolglik word sy gesien as die godin van vrugbaarheid en was tempelprostitusie een van die bedrywe wat by haar afgodery plaasgevind het. In Korinte is daar destyds drie tempels aan hierdie afgodery gewy en met meer as 1000 tempelprostitute is die stad dikwels die '*Amsterdam van die antieke wêreld'* genoem. Die heidene het selfs skaamtelose openbare seks voor haar beeld beoefen.

Daarteenoor kom Paulus en leer die gemeente van Korinte dat ware liefde nie op die self gerig is nie. En uiteindelik beskrywe Paulus deur die Heilige Gees dat die christelike en heilige liefde wat van God kom, altyd op die opbou van die ander en die eer van God gerig is: *"Die liefde is geduldig, vriendelik, nooit jaloers of verwaand nie. Dit is bly oor die waarheid en bedek alles, glo alles en hoop alles. Hierdie liefde vergaan nooit" (1 Kor 13).*

Wie dus kies om die Here Jesus te aanbid en te dien, kies ook om afstand te doen van die ponografiese en skaamtelose selfbevredigende liefde. Ook vandag nog met al die versoekings op die internet en sosiale media, moet ons maar elke dag weer kies om die Here Jesus te dien. Hy is immers alleen God. *En God is liefde*. En Hy het sy liefde deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort! Dien mekaar dan in hierdie liefde van God.

Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Dien die Here met blydskap**

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 15 Ps 25:1,2 Volgende week: Les 16 Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Onthef van die roeping**: Marinus du Plessis

### Attessake soos op 27 Julie 2023

**Met attestasie aangesluit**

Dirk Kotzé van GK Middelburg (B09)

Johann en Lumari Swanepoel van GK Pietersburg-Noord en GK Potgietersrus (A18)

Derick en Annelize van der Merwe van GK Rooihuiskraal (B)

Babs Greyling van GK Rooihuiskraal (B)

**Met attestasie vertrek**

Anton en Sunette Fourie en 2 dooplidmate na Australia (C05)

Lucas en Winy du Preez na GK Rietvallei (B08)

Mossie Buys na GK Silverton (A17)

Wimpy en Petra Swanepoel na GK Rietvallei (A08)

**Gemeenskap beëindig**

Christo de Beer na NG Tygerpoort (Pretoria)

**Kom speel saam in die Gereformeerde Kerk Centurion se Gholfdag**

**17 Augustus 2023**

Pretoria-Wes Gholfbaan

R2 200 per 4 bal of R550 per persoon, karretjie ingesluit

R2 500 om 'n gaatjie te borg

Skenkings en pryse vir die gholfdag is baie welkom

Kontak Lodi Olivier 082 443 8886





# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

## *Die Brief aan die Efesiërs*

*Uitverkies tot lof van Sy heerlikheid*

***Begin datum: 8 Augustus 2023***

***Almal welkom***

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: Ds Riaan Andersen
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)
Hein Kaiser 082 772 7718

## GK Centurion Gemeentekamp—Weesgerus

**22 - 25 Sept**

- ◊ Kamppeerplek R630pn vir 6 mense.
- ◊ 3 x 5 Sleeper Chalets R2170pn (1 kamer met 2 beddens en slaapbanke vir 3 persone).
- ◊ 12 x 6 Sleeper Chalet R2770pn (2 kamers met 2 beddens en slaapbanke vir 2 persone).

**Pryse sluit etes in. Bring eie drank en versnapperinge saam.**

Om kostes te verlaag en koinoinia aan te moedig vra ons lidmate om chalets/kampplekke te deel.

Kontak u diaken of Fred Reynecke 083 255 9900 om u plek te bespreek



# *Verjaasdae*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30-Jul | Neels | Engelbrecht | A14 | 27837613757 |
| | Mariaan | Prinsloo | B04 | 27836315798 |
| | Ina | Wiegand | A11 | 27828874046 |
| 31-Jul | Jurgens | vd Merwe | A11 | 27615177699 |
| 01-Aug | George | Erasmus | C06 | 27824941299 |
| | Melissa | Visser | B19 | 27793147672 |
| 02-Aug | Rulise | Badenhorst | A02 | 27823592603 |
| | Sonet | de Souza | A08 | 27835611221 |
| | Paul | vd Berg | A04 | 27842632055 |
| 03-Aug | Chene | vd Walt | A05 | 27795174273 |
| | Elzaan | vd Westhuizen | C15 | 27762535262 |
| 04-Aug | Gerda | Guldemond | A01 | 27823373326 |
| | Hans | Stronkhorst | C05 | 27826192419 |
| | Rina | Venter | C01 | 27714034143 |
| | Rina | Venter | A16 | 27825622431 |
| 05-Aug | Lydia | Bezuidenhout | B03 | 27835655789 |
| | Koos | Pretorius | B18 | 27834595591 |
| | Lee-Anne | v Niekerk | C06 | 27722330949 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Jul | Leandri | Styger | B01 | 27832260285 |
| 01-Aug | Chloé | Botma | B03 | 27728993144 |
| 02-Aug | Lihann | Jv Rensburg | C15 | 27824920545 |
| 03-Aug | Tinerie | Krynauw | B13 | 27636910019 |
| 04-Aug | Karla | Gerber | C14 | 27827227097 |
| 05-Aug | Leandri | vd Bijl | C04 | 27732144780 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Marnus du Plessis sterk aan na 'n fietsongeluk (A13—081 841 4527).
- Annatjie de Jonge se gesondheid is nie na wense en sy is tans in 1 Mil hospitaal (A14—076 677 1783).
- Johan Kotze steeds in Unitas hospitaal (C5—083 993 3846).
- Petra Terblanché sterk aan in die hospitaal (B2—079 938 8359).
- ***Meelewing*** word betuig met Rina Burger en familie na die afsterwe van haar broer.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

### Beroepe aanvaar

Ds PW (Pieter) Kurpershoek van GK Middelburg (Mphumalanga) na GK Pretoria-Annlin.

*Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n tuiste is: hulle hou nie op om U te prys nie. Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel toe gaan.*
Psalm 84:5 en 6

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: Revelation 1:4,5
Rev M van Helden

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Toer na Turkye en Griekeland 2024

Twee weke vanaf 28 Junie 2024 saam met gesoute toerleier Ds Maarten van Helden.

Bespreek nou 0721431855

## Eljada Huis

**Deurlopende behoeftes**: Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kook-olie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, was-poeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêredoekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**1 Aug om 18:30** in die konsistorie

Bevestig asb met:
ds Lourens 082 5292 330/
Kerkkantoor 012 664 2614

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 19:00

- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdag om 19:00
9 Aug, 23 Aug, 6 Sep, 20 Sep

## GTA STAPTOER
## 6-8 Okt

Ons stap Kingdom trails by Loskopdam.
Slegs 20 plekke beskikbaar.



Gee jou naam dringend op by:

Anais Lourens 071 465 3940

Carla Venter 076 743 0890

Ds Lourens 082 5292 330



## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**2 Aug** om 18:30 vir **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

*Alle nuwe lidmate van die afgelope **ses maande** is welkom om die funksie by te woon.*

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**



## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader DV weer Maandagoggend, 7 Augustus om 10:00 in die kerksaal.

Ds Maarten v Helden gaan vir ons vertel van hulle afgelope toer na Israel en dit toelig met foto's.

Kom geniet die oggend saam met ons om die Bybelse Land te beleeef!

Almal hartlik welkom!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

| | |
|---|---|
| **30 Jul** | |
| Phia Lombard | Blok B |
| Cecilia Wolmarans | Blok B |
| Tia Grünenfelder | Blok C |
| **6 Aug** | |
| Rika Pretorius | Blok B |
| Anita Snyman | Blok B |
| Mari Coetzee | Blok C |



***Baie dankie vir almal wat die Sop en Sjerrie aand saam gekuier en moontlik gemaak het!***

